Junie 2019



Nuusbrief

N1/2019

Privaatsak x 4 Laingsburg 6900 Tel. 023 551 1019 Faks. 023 551 1019
info@laingsburg.gov.za

# Municipality . Laingsburg . Munisipaliteit



## BOODSKAP VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER RAADSHEER M. GOUWS

Geagte Inwoners van Laingsburg

Ek wil hiermee u op hoogte bring van ons werksaamhede. Ek wil ook hiermee u die versekering gee dat ons baie ernstig werk aan die vestiging van die nodige infrastruktuur en die bevordering van ons finansiële lewensvatbaarheid, spesifiek met verwysing na die Soutkloof Water Voorsieningsprojek en Windplaasprojek. Ons sal voortgaan om te fokus op groot maat infrastruktuur ontwikkeling om die behoeftes van die breër gemeenskap van Laingsburg per wyk aan te spreek.

Ons is trots om te verklaar dat die nodige belyning, intern en ekstern, van ons Munisipale visie op dié van die Provinsiale Strategiese Plan en Nasionale Ontwikkelingsplan erken word.

Die Raad en die Plaaslike Munisipaliteit wil elkeen bedank vir hul insette tydens die hersieningsprosesse en moedig alle belanghebbendes aan om deel te neem en by te dra in ons Plaaslike Ontwikkelings Strategieë.

Ten slotte verwelkom ons as Raad ons nuwe Raadslid in ons midde, Raadslid Mietjie Daniëls, ons weet sommer dat sy 'n groot aanwins sal wees en wens haar sterkte toe.

Soos u verder weet is Laingsburg baie afhanklik van staats toelae en word u weereens versoek om gereeld aansoek te doen vir deernis of die hersiening daarvan en in die lig van hierdie faktore sal die munisipale inkomste en kontant vloei dus onder druk bly. U word dus verder versoek om tog u dienste rekening en belasting te betaal. Die Raad probeer ook pogings aanwend om uitgawes en tarief verhogings tot die minimum te beperk. Met die droogte wat ons landswyd tref word u ook versoek om water spaarsamig te gebruik.

Hiermee die tarief aanpassing soos volg:

- Elektrisiteit - 13,07%
- Water - 8%
- Vullisverwydering - 8%
- Riool - 6%
- Woonhuise - 10%

Ek verbind my dus tot effektiewe administrasie asook goeie bestuur. U insae op elke gebied van dienslewering word opreg waardeer.

Ek dank u

**Nuwe Aanstellings**

Mnr. PA Williams (Munisipale Bestuurder) Januarie 2019

Mnr. John Komanisi (Bestuurder: Infrastruktuur) Junie 2019

**Tien Jaar Diens by Laingsburg Munisipaliteit**

Mnr. E.K. Meintjies

Mnr. P. Post

Mnr. J. Rossouw

LADAAG

*Ons help persone wat afhanklik is van Alkohol & Dwelms, maar die persone moet regtig gehelp wil word. Dit is ons ondervinding dat wanneer persone geforseer word deur families en ander persone, hulle dit net doen om mense tevrede te stel, daarom vra ons u as persone en naasbestaandes om diesulkes te verwys en baie te bid vir hulle, sodat hulle regtig 'n behoefte om help het. As u voel die tyd is reg, kom maak 'n draai by Shireen Gouws of kontak haar by (023) 5511899 tydens werk ure.*

*Kom ons ondersteun mekaar & Baklei die gruwel en die*

## Laingsburg Openbare Biblioteek

Die Biblioteek en Mobiele Biblioteke se tye is:

**Maandae & Vrydae: 09:30-17:30**
**Dinsdag, Woensdag, Donderdag: 09:00-17:30**

**Naweke & Publieke dae gesluit**

Bloklesings met Huis Malan Jacobs vind elke 3 maande plaas.

Rekenaar Fasiliteite vir die gemeenskap: Internet is **GRATIS**
**Uitdruk "Print"**

- R2.00 per bladsy
- R 1.00 per Bladsy vir skooldoeleindes.

Kinders maak gebruik van die Biblioteek om na skool te lees en navorsing te doen.

Die Streeks Boekwa vanaf Beaufort Wes besoek die biblioteek drie maandeliks vir nuwe voorraad en dan is die biblioteek vir daardie dag gesluit vir die publiek.

Groete so tussen die Boeke Uit

*Francisca, Liezl, Heidi, Cathy , Audrey & Wilna*

**LAINGSBURG NEEM REKENAAR KENNIS NA MATJIESFONTEIN SE INWONERS**

Op 05 Julie 2019 het *Cape Access* (Edward Gelandt) in samewerking met die Departement van Plaaslike Regering (Gloria Coackley) rekenaar opleiding gaan aanbied te Matjiesfontein. 12 Persone het die rekenaar opleiding bygewoon wat plaasgevind het by die Matjiesfontein Primêre skool. Al 12 leerders het hierdie opleiding suksesvol voltooi insluitende oom Adam Baadjies(Oom At) wat 65 jaar oud is. Ons wil hierdie persone gelukwens met hulle besondere prestasie en sertifikaarte wat hulle ontvang het.






# Munisipale Visie

# "'n Bestemming van keuse waar mense eerste kom"

Die Toerisme kantoor het 'n paar besige maande agter die rug, met baie nuwe ontwikkelinge. Wees op die uitkyk vir ons aandmark om die nuwe besighede op die Toerisme Kompleks te verwelkom. Ons is so opgewonde omdat die eerste Laingsburg Biltong Fees plaasgevind op die 18 April 2019, dit sal verseker volgende jaar weer plaasvind. Die derde "Laingsburg Battle of the Bikes" het ook plaasgevind op die 18 April 2019 en dit was inderdaad 'n sukses! Hierdie twee funksies het geweldige voete in ons dorp gebring, wat ons plaaslike ekonomie bevorder het. Daar was meer as 20 jongmense wat as tydelike werkers aangestel was en bygedra het tot 'n suksesvolle paar dae.

LAINGSBURG BILTONG FESTIVAL







## Belangrike Datums

| | |
|---|---|
| *Nuwe Finansiële Jaar:* | *1 Julie 2019* |
| *Munisipale "Welness Day":* | *17 Julie 2019* |
| *Mandela Dag:* | *18 Julie 2019* |
| *Gemeenskap Kermis:* | *1 Augustus 2019* |
| *Vroue Dag:* | *9 Augustus 2019* |
| *Erfenisdag:* | *24 September 2019* |
| *Karoo Marathon:* | *28 September 2019* |

## * Deernis Aansoeke *

Indien u gesamentlike inkomste nie R 3 500.00 oorskry nie en u het die Hersienings proses van Deernis Aansoeke gemis, kan u ons kantore besoek tydens kantoor ure. U moet die volgende dokumente saam bring:

- Almal bo die ouderdom van 18jaar se ID's
- In werksaam is: Salarisstrokie / Bewys van Inkomste / Bankstaat
- Allpay Staat
- Dienste Rekening (Moet op aansoeker se naam wees)
- Kragstrokie
- Verklaring van werkloosheid (SAPD Verklaring)

**Baie dankie vir u Samewerking in die Verband.**

## *Kermis*

Die volgende kermis sal op die 01 Augustus 2019 wees voor die Burgemeesterskantoor en Biblioteek om 10h00 – 15h00.
Tafel inskrywingvorms is beskikbaar teen R20 per inskrywing by die Thusong Dienssentrum, Toerisme en CDW Kantoor.



## ALGEMENE RAADS VERGADERINGS

Die Raad sal in sitting wees op die volgende datums. Die publiek is welkom om vergaderings by te woon.

- 31 Julie 2019
- 19 Augustus 2019
- 16 September 2019
- 21 Oktober 2019
- 18 November 2019
- 2 Desember 2019

Die datums kan verander weens die beskikbaarheid van die Raad, wat vereis word om Distriks, Provinsiale en SALGA Vergaderings by te woon.

U kan die kantoor skakel vir sekerheid oor datum of die Munisipale Webwerf besoek.

Kay Mokgobo

## Munisipale Sake

Kantoor Ure: 7:30 tot 16:15, gesluit tussen 13:00 – 13:45 vir middag ete

Rekening Betaaldatum: 7de van elke Maand;

Deernis Afsnypunt: R3500p/m per per Huishouding

Huishoudelike Vullisverwydering:Dinsdae: Göldnerville / Bergsig & Donderdae: Dorp, Acacia Park & Skool & Protea Straat;

Besigheids Vullisverwydering: Maandae & Vrydae

Tuin Vullis: Donderdae en Vrydae

Skryf van Leerling Lisensie: Dinsdae en Donderdae (Afskprake moet vooraf gemaak word)

**Klagtes moet so vroeg as moontlik aangemeld word, ander moet dit oorstaan tot volgende dag.**





Dappermuis en Carebears is steeds aan die gang. Dit staan u vry om genoemde dagsorg sentrums te besoek en te kontak by die volgende nommers vir verdere navrae:

***Bergsig Dappermuis***

*Minnee Buys – 074 865 2197*

***Matjiesfontein Carebears***

*Elzane Witbooi – 074 561 3540*

## Nood Nommers

| | | |
|---|---|---|
| Munisipale Verkeer | - | 073 148 7665 |
| Brandweer & Rampbestuur | - | 073 148 7665 |
| Water Werke | - | 073 171 5896 |
| Elektrisiteit | - | 073 171 5896 |
| SAPD | - | 10111 |
| EMS Ambulans | - | 10177 |
| | - | 023 551 1420 |
| Klagtes | - | 023 551 1019 |
| Childline | - | 0800 055 555 |
| Kindersorg | - | 023 551 1694 |
| Hospitaal | - | 023 814 2017 |
| Binnelandse Sake | - | 023 5511 069 |





LAINGSBURG

MUNISIPALITEIT

**2 Van Riebeeckstraat**

Laingsburg

6900

Kontak ons **023-551-1019**




**Indien u 'n advertensie in die koerant wil plaas kan u met ons gesels en 'n goeie prysie kom onderhandel!!**

**Munisipale Kommunikasie Kantoor**

**Madré & Arthur**